

## **Artikel 4 vir lidmate oor die 2020-vertaling**

Nog enkele problematiese tekste in die  
2020-vertaling

Dr AH Bogaards

Oktober 2020

## Inhoud

1. Inleidend .....	3
2. Psalm 45:6,7.....	3
3. Maleagi 3:1 .....	4

## 1. Inleidend

Ek wil in hierdie artikel nog 'n paar problematiese tekste in die 2020-vertaling uitlig.

Die tekste is vir my problematies in wat ek in artikel 1 oor my uitgangspunte gesê het:

1. 'n vertaling moet die bronteks (Hebreeus) suiwer weergee en
2. luister na wat Christus Self in die bronteks en in die Ou en Nuwe Testament oor die teks sê.

## 2. Psalm 45:6,7

### 1953-vertaling

<sup>7</sup>U troon, **o God**, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer.

<sup>8</sup>U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, **o God**, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.

### 2020-vertaling (Kleinletter )

<sup>7</sup> U troon, **o goddelike wese**, is vir altyd en ewig, die septer van u heerskappy is 'n billike septer.

<sup>8</sup> U het geregtigheid lief en u haat goddeloosheid. Daarom, **o goddelike wese**, het u God u met olie van vreugde gesalf — meer as u vriende.

### 2020-vertaling (Hoofletter)

<sup>7</sup> U troon, **o Goddelike wese**, is vir altyd en ewig, die septer van u heerskappy is 'n billike septer.

<sup>8</sup> U het geregtigheid lief en u haat goddeloosheid. Daarom, **o Goddelike wese**, het u God u met olie van vreugde gesalf — meer as u vriende.

### My kommentaar

In die Hebreeuse bronteks staan: o God (Elohim). Let wel dat die 'olam met ewig vertaal word in 1953 en 2020 – dit is dus nie die probleem nie.

Die probleem is wel dit: ELOHIM staan in die aanspreekvorm/vokatief. En nou is dit so dat ELOHIM as **aanspreekvorm (vokatief)** in die hele Ou Testament nooit van 'n mens of menslike koning gebruik word nie (vgl die kommentaar van Calvyn by hierdie teks). Net God alleen word so aangespreek.

Ek het dit gaan kontroleer **en die aanspreekvorm** word in die hele Ou Testament 205 keer en in 194 verse gebruik. Al 205 keer word die net van God gebruik.

In Hebreërs 1:7-9 word die tekste gebruik om die Godheid van Christus mee te bewys: Heb 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; Heb 1:8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; Heb 1:9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle

Let wel dat Psalm 45:6,7 nie eers dan, wanneer Hebreërs 1:7-9 dit vertaal as o God, die uitsluitlike betekenis van o God kry nie. Dit lê reeds in Psalm 45:6,7 opgesluit. Selfs al sou ons net die Ou Testament gehad het, sal dit nog steeds verstaan en vertaal moet word met o God.

Ook in die geval van Psalm 45:6,7 moet geluister word na wat Christus Self in die hele Ou Testament (205 maal word **o God net van God gebruik** en nie van 'n mens nie.) sê en wat Hy sê in Hebreërs 1:7-9.

### 3. Maleagi 3:1

#### Vooraf net vir duidelikheid:

Dit gaan nie vir my oor die eerste deel van die teks nie. Dit gaan nie vir my oor hierdie woorde nie:

**Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan.** EK weet dat dit op Johannes die dooper slaan en nie op Christus nie.

MAAR DIE RES VAN DIE TEKS gaan wél oor Christus en oor Hom alleen: HY

1. is die **Here** en
2. die **Engel van die Verbond**.

#### 1953-vertaling

**Mal 3:1** .... ; dan sal skielik na sy tempel kom die **Here** na wie julle soek, naamlik **die Engel van die verbond**, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare.

#### 2020-vertaling (Hoofletter en Kleinletter)

\*“.... Onverwags sal **hy** na sy tempel kom, **die heer** na wie julle soek, **die boodskapper van die verbond** na wie julle uitsien. Kyk, hy gaan kom,\*” sê die HERE, Heerser oor alle magte.

#### My kommentaar

Ek het **doelbewus** Maleagi 3:1 as voorbeeld gekies, omdat ons hier 'n teks het wat **selfs los van die Nuwe Testament net Messiaans vertaal moet word**. As dit nie so vertaal word nie, is die vertaling duidelik:

- nié 'n direkte vertaling nie en
- nié Messiaans nie.

Ek kies doelbewus Maleagi 3:1 as voorbeeld, omdat die vertalers hulle in hulle verweer beroep op tekste wat 'n dubbele betekenis kan hê, wat dus sowel na Dawid/Israel as na die Messias verwys. 'n Voorbeeld is Hosea 11:1. Dit word dan misbruik as begroning vir die weglaat van hoofletters.

In hulle dokument **Die bewering dat Christus in hierdie beplande vertaling uit die Ou Testament wegvertaal gaan word** skryf die Bybelgenootskap dat “al daardie gevalle waar die Nuwe Testament 'n verwysing na Christus in 'n teks of woorde uit die Ou Testament sien, in die Ou Testament met 'n voetnoot te merk. Sodoende word die leser se aandag pertinent gevestig op *die Nuwe-Testamentiese verstaan* van die bepaalde teks of woorde en dít sonder verlies van *die betekenis in die Ou-Testamentiese verband*.” (Kursiverings van my – AHB).

Ons het hier egter 'n teks wat op sigself al duidelik net Messiaans verstaan kan word.

Kom ons kyk dieper na die volgende:

## Die 2020-vertaling vertaal nie *Here* nie, maar *heer*

Wat veral opval in 2020-vertaling, is die feit dat *hy* en *heer* met 'n kleinletter geskryf word.

Dit kan egter bewys word dat met die woord *Here* (in die Hebreeus staan *hâ'âdōn*) **God** (die Seun van God) bedoel word.

Dit is duidelik uit die volgende:

1. Die woord vir Heer wat in die Hebreeuse brontekste gebruik word (*ha-'adoon* = *die Here*) word nog 5 keer in die OT gebruik en steeds **net van God**, maar die 2020-vertaling vertaal *hy* en *heer* (kleinletters).
2. Dit (dat dit oor die Here, oor God gaan) word ook bevestig deur die feit dat *die Here* na *SY tempel* – die tempel van die HERE – kom. ... *die Here* na *sy tempel*. Die **SY** (tempel) is nie Johannes nie. Die tempel is nie Johannes se tempel nie. Dit is **die Here/SY tempel**
3. Dit is ook duidelik as ons Maleagi 3:1 in sy samehang en verband met die vorige vers (2:17) lees. Kom ek verduidelik dit. In 2:17 word die vraag gestel: ... *waar is anders die God van die reg?* Op die vraag waar is die God van die reg antwoord 3:1: Hier is Hy, hier is die God (let wel God met hoofletter) van reg: ... dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom ...

Die 2020-vertaling gaan teen ons belydenis in. Ons Heidelbergse Kategismus gebruik Maleagi 3:1 in vraag en antwoord 18 as 'n bewys van die Godheid van Christus.

## *Die boodskapper van die verbond*

Die 1953-vertaling vertaal: **die Engel (hoofletter) van die verbond**.

Onder die Engel van die Verbond is deur gereformeerdes altyd Christus in sy Ou Testamentiese verskyning verstaan.

Die Here kom na sy tempel as die God en Koning van Israel om daar te woon vir ewig (Eseg 43:7; 37:26-27). En Hy kom as die Engel van die Verbond, na Wie die volk verlang. Dat die **Engel van die Verbond dieselfde Persoon is as die Here (*hâ'âdōn*)**, kan nie betwyfel word nie in die lig van die parallelisme van die sinne nie. Die Engel van die Verbond is die Here en sy Godheid word hier geleer.

..... Nog tekste sal DV volg

**1953-vertaling**

**2020-vertaling (Hoofletter en Kleinletter)**

**My kommentaar**